
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die demokrasie dra die besluit van honderd lafaards groter gewig as die besluit van een dappere.*




*In die gesagstaat van die Ossewabrandwag triomfeer die moed van die dapperes oor die angsvalligheid van die lafaards.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 19 MEI 1943. No. 26.

# O.B. WORD OMVATTENDE VOLKSBEWEGING.

## Ossewabrandwag tot Volledige Volksbeweging Omskep

### Uniale Organisasie met Ses Gebiede in plaas van Provinsiale Stelsel

**Die Ossewabrandwag het tans sy finale ontwikkeling as organisasie bereik deurdat ten volle uitvoering gegee is aan 'n besluit van die Offisierslaer van Oktober 1941 te Bloemfontein, wat hom tot die omvattende Volksbeweging van die Afrikanerdom verklaar het. Die uitbouing van die Grootraad en nuwe indeling is reeds in werking.**

Deur die Offisierslaer wat te Bloemfontein op 13 Okt. 1941 gehou is, is besluit tot die uitbouing van die Ossewabrandwag tot 'n volksbeweging. Reeds toe is gevoel dat die idee waarvoor die Ossewabrandwag as organisasie hom beywer, tot ver buitekant sy organisatoriese grens strek, dat die ideologie waarvoor hy stry, selfs gekoester word in kringe wat organisatories die Ossewabrandwag as organisasie bekamp en derdens dat partyskap slegs kunsmatig en 'n tydelike, altyd wisselende verskynsel is wat, hoewel hinderlik in die volkskoers, die organiese eenheid nòg in sy beweging nòg in sy bestemming kan vernietig.

Deur die omskepping van die Ossewabrandwag tot 'n volksbeweging moes dan voorsiening gemaak word vir die inskakeling van alle Afrikanerkragte in die volksbeweging. Uitvoering hieraan is deur die Grootraad gegee, eerstens deur sy eie uitbouing met die byvoeging van afdelings, elkeen met 'n eie hoof en daarby met die nodige vertakkings om sodoende alle terreine van die volkslewe te dek.

**Dit bring ook organisatoriese veranderings tot 'n seker mate mee, nl. die herindeling van die Unie in ses gebiede wat die ou Provinsiale grense uitwis. Die generaalskappe bly egter onveranderd voortbestaan.**

#### DIE GROOTRAAD

Die Grootraad bestaan voortaan uit die Leier, komdt.-generaal dr. J. F. J. van Rensburg; die Organisasieleier, adjunk-komdt.-generaal J. A. Smith; Gebiedsleier, hoofgeneraal F. D. du T. van Zyl (Wes-Kaapland); Gebiedsleier, hoofgenl. J. H. Moolman (Oos-Kaapland); Gebiedsleier, hoofgenl. J. F. van der Merwe (Vrystaat en Grikwaland-Wes); Gebiedsleier, hoofgenl. C. A. Pienaar (Natal en Grikwaland-Oos); Gebiedsleier, hoofgenl. Louis Bootha (Witwatersrand) en Gebiedsleier, hoofgenl. H. M. van der Westhuysen (Noord-Transvaal); Beleidstudiehoof, prof. L. J. du Plessis; Voorligtingshoof, dr. P. J. Meyer; Finansiehoof, dr. P. Bothma; Noodhulphoof, ds. S. J. Stander; Inspekteurgeneraal, genl. J. D. Jerling; Jeugleier, prof. Dirk van Rooy, en hoofgenls. J. Schoeman, H. Neethling, C. Mocke, E. Cadle, J. L. Uys, M. P. Wessels en die Sekretaris, prof. A. J. H. van der Walt.

In plaas van die vroeëre Provinsiale Vroue-adjunkrade is daar nou 'n Uniale Vroue-adjunkraad van die Grootraad, saamgestel uit die ses Hoofvroue (generales), een van elke Gebied en ander vroue wat met die oog op besondere vroue-aangeleenthede gekoöpteer word.

Die pligte, verantwoordelikhede, ens. van die afdelingshoofde en vertakkingsleiers word in omsendbriewe en bevele kragtens besluit van die Grootraad bepaal.

Alle kommando's en offisiere is aan hul onderskeie Gebiedshoofkwartiere, waarvan hulle reeds kennis gekry het of nog kennis sal kry, verantwoordelikheid soos in die verlede verskuldig.

**Om die gees van die Ossewabrandwag heg saam te snoer en die nodige wisselwerking en vertroue tussen die leiding en die geledere te bestendig, word jaarliks Laertrekking van offisiere uit alle gebiede gehou. By hierdie geleentheid doen die Kommandant-generaal regstreeks aan hulle verslag.**

### DR. MALAN OOR EENHEID

By geleentheid van sy vergadering voorverlede week op Vredendal het dr. D. F. Malan 'n aantal vrae beantwoord waarvan geen verslag in sy pers verskyn het nie. Omdat sekere daarvan betrekking het op die aanbod van die Ossewabrandwag in verband met die verkiesing, is dit van belang dat ons sy antwoorde plaas.

Op die vraag wat hy sal doen om die twis in Afrikanergeledere te beëindig, het dr. Malan geantwoord dat hy op 4 September aan genl. Hertzog aangebied het om onder hom te dien en also eenheid te kry. In Bloemfontein het hy 'n grondslag neergelê om die Nuwe Orde-groep by hom te hou, maar adv. Pirow het afgebrokkel. Verder het hy die Nasionale komitee-voorstel gedoen, maar dr. Van Rensburg het dit vir slegs twee dae aangeneem. **„Nou weier ek om enige verdere stap te doen,"** het hy beslis uitgeroep.

Aangaande die aanbod van dr. Van Rensburg het hy gesê dat dit vir die Ossewabrandwag is om te sê waar hulle gaan stem. **„Ek sal nie hulle stemme weier nie, maar ek sal dit ook nie vra nie. Hulle kan doen wat hulle wil!"**

### INTEKENGELD VERHOOG OP DIE O.B.

**Intekenare op Die O.B. word hiermee in kennis gestel dat weens onvermydelike omstandighede intekening op Die O.B. vanaf 1 Julie 1943, as volg verhoog sal word:—**

**(1) Kommando-intekenare:— (D.i. intekenare wat deur die Kommando waaronder hulle ressorteer, inteken: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar**

**(2) Intekenare wat verkies om nie deur 'n Kommando in te teken nie, maar regstreeks deur Voorslag Edms. Bpk.,10/- per jaar.**

## Offisier Kies Pad van Plig en Eer: Generaal M. S. F. Grobler

### Kommandant-Generaal oor O.B. as Brug na Nuwe Sosiale Bedeling

**'n Aankondiging dat aan genl. M. S. F. Grobler van Pretoria die eis gestel is dat hy onmiddellik 'n verklaring moet teken dat hy alle verband met die Ossewabrandwag sal afbreek en al sy bedrywighede in dié rigting sal staak met die dreigement dat hy anders onmiddellik geïnterneer sal word, is Saterdagaand, 8 Mei, op 'n groot vergadering van meer as 10,000 op Louis Trichardtplein, Pretoria, deur dr. J. F. J. van Rensburg gedoen.**

Eerw. Grobler het kort daarna 'n verklaring oor die luidspreker afgelees waarin hy die eis van die interneringsowerheid van die hand wys.

Dr. Van Rensburg het op dieselfde vergadering 'n besluit van die Grootraad aangekondig om met die oog op meer intensiewe organisasie 'n nuwe indeling in te stel waardeur die O.B. in gebiede in plaas van provinsies ingedeel word.

Die twee A.K.G.'s van Transvaal en Kaapland word uniale offisiere; genl. J. A. Smith, van Kaapland, word Adjunk-Kommandant-generaal en adv. J. D. Jerling van Transvaal word Inspekteur-generaal.

Die gewone Brandwagte, het hy verklaar, word nie veel geraak deur die nuwe indeling nie. Hul pligte bly dieselfde hoewel dit hopelik makliker word.

Dr. Van Rensburg, wat gepraat het oor die betekenis van die O.B. in hierdie oorgangstydperk, het gesê dat dit die Beweging se taak is om die kern van die Afrikanerdom ryp te maak vir die oorgang van kapitalistiese Britse dominium na 'n sosialistiese republiek. **Die O.B. is die brug waarop ons volk moet loop vanaf die ou kapitalistiese bedeling na die nuwe sosialistiese bedeling wat onverbiddelik kom, want daardie brug moet nasionaal wees of die Afrikanervolk sal hom nie betree nie — nasionaal en nie internasionaal nie.**

En die O.B. is nasionaal, nasionaal in hart en niere. Hy is die rewolusionêre nasionale suurdeeg in hierdie tyd van wêreldgisting. Rewolusie beteken nie straatgevegte en barrikades nie. Dit is maar die uiterlike resultate daarvan. Die ware rewolusie is die ommeswaai in die volk se uitkyk en sy mentaliteit. En wie sal betwis dat as een beweging 'n ommeswaai in die mentaliteit van hierdie volk, of ten minste die aktiwistiese gedeelte daarvan, bewerkstellig het, dit die O.B. is.

Dr. Van Rensburg het drie aspekte van hierdie rewolusionêre uitkyk genoem; die organiese gedagte, die sosiale gedagte en die dissiplinêre, ondemokratiese samestelling.

**Die O.B. het die liberale partystelsel verwerp. Hy het geleer dat die partygenoot goed mag wees maar dat die volksgenoot beter is; dat volkseenheid in die eerste plaas in bloed en bodem geleë is en nie in stembusse nie.**

Maar daar is by die O.B. nie net broederliefde nie. Daar is ook broedersorg, volksorg. Die O.B. sê „Ja, ek is my broer se hoeder". Die nasionaslisme, byna fanatieke nasionalisme van die O.B. word nie betwyfel nie. Slegs 'n sielsieke kan dit ontken. Maar sy nasionalisme is ook sosiaal gekleur. Hy sê „nasionaal omdat ons broeders is, sosiaal omdat ons hoeders is".

Hy het verwys na meisies in Johannesburg wat teen 'n loon van £4 16s. per maand in fabrieke moet werk. Daarvan moet die helfte gaan vir karige losies. 'n Mens kan daardie meisies nie kwalik neem as hulle in hul wanhoop selfs na die kommunisme as redding wil gryp nie. As die demokratiese staat hulle nie teen sulke uitbuiting kan beskerm nie, is hy klaar.

**Noodhulp**

Daarom wil die O.B. nie net langs

(Vervolg op bls. 2)

### APPÈL MISLUK

**Die appèl van die 22 jeugfront-offisiere wat 'n tyd gelede deur die magistraat van Bloemfontein veroordeel is tot £25 boete of twee maande tronkstraf elk, is verlede Vrydag deur die Appèlhof verwerp. Die manne was daarvan aangekla dat hulle aan driloefeninge deelgeneem het in 'n kamp. Indertyd het hulle hul almal bereid verklaar om tronkstraf te ondergaan indien hul hoër beroep nie slaag nie.**




# Verlammende Uitwerking van Partypolitieke Stelsel

## Brit oor Spaanse Voorbeeld

**Wanneer die Ossewabrandwag daarop wys dat die partystelsel magteloos is om ons volk te red omdat die ellendige toestand waarin ons volk vandag verval het juis die gevolge van die partypolitieke parlementêre stelsel is, word ons deur sekere beroepspolitici verwyt dat ons „die Afrikanerdom se enigste party'' ondermyn.**

In sy onlangse verklaring by geleentheid van die tiende herdenkingsdag van die Nasionaal-sosialistiese bewindaanvaarding in Duitsland, het Hitler ook verwys na die magtelose toestand waarin Duitsland tydens die partybewind verkeer het. Dit is ook bekend hoe Mussolini aan bewind gestap het as gevolg van partypolitieke skaakmat. Om aan te toon dat dit in alle lande die geval is waar die parlementêre stelsel ingevoer is, en dat hierdie toestand alleen deur 'n gesagstaat herstel kan word, neem ons onderstaande aanhalings uit 'n boek van 'n Engelse skrywer oor die burgeroorlog in Spanje 'n paar jaar gelede:

„Tot aan die end van die vorige eeu was die toestand van die boer, die werker en van openbare onderwys swak en bedelary was aan die orde van die dag. **Die rede was politieke onmag, gedurige verandering van regering en politieke en industriële naywer wat nie alleen die land se vermoë en welvaart lam gelê het nie, maar ook maatskaplike wetgewing en aandag aan die volk se welsyn verhoed het.** (By ons is dit ook maar eers vanjaar, en dan wel met die oog op propaganda, dat die parlement aandag geskenk het aan 'n sogenaamde maatskaplike program.—Red.) Die vernaamste oorsaak van hierdie slegte maatskaplike toestand in Spanje moet toegeskryf word aan die feit dat Spanje aan die begin van die negentiende eeu opgesaal is met 'n Brits-Franse parlementêre stelsel wat heeltemal ongeskik was vir sy aard en behoeftes en wat die land 'n eeu van die slegste bestuur deur ewig-wisselende beroepspolitici gegee het.

„Dit was hierdie euwel en hierdie stelsel wat genl. Franco vernietig het, maar wat ondersteuners van dr. Negrin se bewind (die destydse regering) wil bestendig. Dr. Negrin is die regstreekse afstammeling van die politici wat Spanje vir 150 jaar lank wanbestuur het . . . .

„Hoewel daar 'n mate van verbetering in die toestand die afgelope veertig jaar ingetree het, **was dit betreklik gering as gevolg van die onvermoë van die parlementêre stelsel om doeltreffend te fungeer.''**

Die skrywer toon dan met syfers aan hoe die toestand op daadkragtige wyse verbeter is tydens die sesjarige diktatuur van Primo de Rivera tot in 1931 toe die demokrasie weer ingestel is. **„Die onmag op nywerheidsgebied het toegeneem, bedelaars het weer hul verskyning gemaak in die strate en die aantal skole het op groot skaal afgeneem. Weereens is dieselfde politieke onbevoegdheid van die Spaanse parlementêre stelsel waargeneem wat saam met die afbrekende pogings van sosialiste, kommuniste en anargiste alle pogings van hervormers gedwarsboom het. Baie wette is gemaak, sommige waarvan uitstekend, maar dit is nie in die praktyk toegepas nie. Dit was 'n toestand van ewigdurende woorde sonder dade.''**

'n Mens kan die woord Spanje deur Suid-Afrika vervang, en dit sal feitlik 'n ware beeld van ons landsomstandighede van vandag gee. En tog is daar Afrikanerleiers wat selfs republikeins is, maar vir die behoud van die partystelsel in die toekomstige republiek pleit, en ander beveg wat teen die euwels van hierdie vreemde stelsel waarsku.

## VERKIESING IN JULIE

**Volgens besluit van die Smutsbewind sal die algemene Volksraadverkiesing op 7 Julie plaasvind. .Van verskeie kante sal gevra word wat die Ossewabrandwag se houding in verband daarmee gaan wees. Die vraag is misplaas. Die Ossewabrandwag het 'n onbaatsugtige aanbod gedoen tot die skepping van 'n verkiesingsfront teen die oorlog. Hierdie aanbod is deur twee ander politieke groepe, t.w. die Nuwe Orde en die Afrikanerparty as grondslag aanvaar, en albei was bereid om offers te bring vir die eenheid. Dr. Malan se antwoord het tot sover nog uitgebly. Die vraag moet dus wees: Wat gaan dr. Malan se bydrae wees om te verhoed dat ons volk homself tot skande maak?**

## ELKE WERKER BEHOORT SY LAND TE BESIGTIG

In die kapitalistiese staat was die werker 'n menslike masjien wat arbeid gelewer het per uur waarvoor hy 'n loon ontvang het. Die belangstelling in hom het net so ver gestrek as sy arbeid in die fabriek of besigheid. Of hy in 'n krot gelewe het, of hy dit kon bekostig om 'n huisgesin te hê, was dinge waaroor niemand hom bekommer het nie, want elkeen het net vir homself geveg. Selfs waar die werkers hulle verenig het, was dit nie omdat hulle die een vir die ander jammer gevoel het nie, maar dit was al wapen waarmee hulle elkeen vir homself die beste kon verkry.

In die nasionale en sosiale gesagstaat van die Ossewabrandwag word in die werker belang gestel nie omdat hy oor 'n hoeveelheid werkkrag beskik nie, **maar omdat hy 'n volksgenoot is en as sodanig geregtig is op alles wat aan die volk behoort.** Hy moet dus ook in staat gestel word om nie net 'n gelukkige gesinslewe te voer nie, maar om van alles te geniet wat aan sy volk behoort. In die gesagstaat van die Ossewabrandwag word daar o.a. voorsiening gemaak dat elke volksgenoot — en veral die werker wat as klas in die verlede baie verwaarloos was — geleentheid sal hê om sy vaderland te deurreis en te geniet van die skoonheid van ons land.

Is dit 'n verkiesingsbelofte? Nee, die Ossewabrandwag doen geen beloftes nie. Inteendeel, hy eis van elke lid die grootste opoffering — selfs sy lewe. Dit word gedoen omdat die staat van die Ossewabrandwag staan op die grondslag van „ek is my broer se wagter''. Gaan kyk na Duitsland waar hierdie selfde gees geleentheid gekry het om hom uit die lewe. Selfs demokrate erken dat hierdie gees daar „wonders verrig het''.

Die Ossewabrandwag gaan met hierdie gees ook „wonders verrig''.

## DIE VERKEERDE LEIER GETREF

### Koerant Maak Ongeluk

'n Verbete aanval is op 29 April deur Die Volksblad, orgaan van die H.N.P. in die Vrystaat, per abuis op sy hoofleier, dr. Malan, gedoen in 'n hoofartikel waarin die blad te kere gaan teen „volksleiertjies en slimkose'' wat dan so dom is om te beweer dat Engeland en Amerika ons sal belet om uit die oorlog te tree. Die aanval was eintlik gerig teen die Ossewabrandwag, maar voordat dit kon tref, het dr. Malan per ongeluk op Vredendal en Garies voor die geweerbek gaan staan en die volle skoot hael op die lyf geloop. Dit is meer as interessant om so 'n paar aanhalings te maak uit die veroordelings wat so roekeloos na 'n rigting gewerp is waar dr. Malan 'n dag te vore nie deur sy vertrouelinge verwag is nie.

Nadat die blad verwys het na die „pas ontpopte leiertjies'' se uitlatings in verband met kol. Reitz se dreigement en 'n wee uitgespreek het oor „die volk wat ou beproefde leiers verlaat om agter hierdie slimkose aan te hardloop'', vervolg hy:

„Nou is daar weer 'n tweede storie wat deur ons vyande versprei word en klakkeloos deur hierdie selfaangestelde leiertjies nagepraat word. Dit lui as volg: Dr. Malan en die H.N.P. sou dan nie die volgende verkiesing wil wen nie. Hulle weet dan kastig dat hulle nie hul beloftes aan die volk sou kan uitvoer nie. **Suid-Afrika sal dan nie in staat wees om hom aan die oorlog te onttrek nie, en al sulke onsin meer.** Ook hier speel hierdie onkundige leiertjies in die hande van genl. Smuts. Dis die imperialiste wat eers aan ons vertel het dat Suid-Afrika nie uit die oorlog kon gebly het nie; nou vertel hulle ons weer dat ons nie daaruit kan kom nie. Hulle het die reg gehad om ons in die oorlog in te sleep, **maar ons het nie die reg om daaruit te gaan nie! Watter onsin!** Ons kan dit begryp dat Imperialiste sulke dinge kan verkondig ten einde ons mense te verwar, maar dat mense wat voorgee dat hulle die stryd vir 'n republiek hier aangeknoop het, met sulke bangmaakstories na die volk kan kom, is 'n bewys dat die volk hom nie op hulle kan verlaat nie. **Amerika en Engeland sou dan nie toelaat dat ons ons onttrek nie! Dit laat ons dink aan die storie wat dr. W. P. Steenkamp kort na 4 September verkondig het . . .** Almal het heerlik gelag, en nou kom daar gedoriewaar weer 'n klompie volksredders en vra die volk om nie die H.N.P. aan die bewind te bring nie, **want as dit sou gebeur sal Engeland en Amerika dit en dat aan ons kom doen . . .**

**„Daar bestaan nie solets nie.** As die H.N.P. aan die bewind kom, sal die Regering wat hy daarstel, die volste reg hê om hom aan die oorlog te onttrek indien die meerderheid in die parlement daartoe besluit . . . Die H.N.P. het 'n goeie saak. **Hy sal die mandaat wat die volk aan hom gaan gee, onverskrokke uitvoer. Ons vra die volk om hom asseblief nie te steur aan hierdie bangmaakstories nie. Dit kom van 'n klompie wat wil lei, maar reeds besig is om die hasepad te kies nog voordat die eerste skote al geval het.** Soos ons ons volk ken, sal hy hom seer seker nie laat lei deur hierdie soort van agterryers nie.''

En toe staan dr. Malan in die pad van hierdie skoot bokhael deur die volgende dag op Vredendal en Garies te verklaar: „As die H.N.P. aan die bewind kom, sal hy minstens terugkeer tot die posisie wat veldm. Smuts toe in die vooruitsig gestel het. **Of ons verder sal kan gaan weet ons nie. Engeland en Amerika mag maak soos met Franse kolonies gedoen is en dreig om ons land en ons hawens in besit te neem as ons vrede wil maak.** Of ons absolute neutraliteit sal kan kry, weet ons dus nie. Dit sal afhang van omstandighede.''

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:

Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padversiae. Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.

DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.

DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid*

*en*

*Lewenskrag*

Gebruik

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

'n LEVER Produk

Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in....................

Naam....................

Adres....................

(O.B. 19 Mei 1943)....................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 16, JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

DIE O.B., WOENSDAG, 19 MEI 1943.

## 'N VOLKSBEWEGING

By die aankondiging in hierdie uitgawe van die nuwe grondslag waarop die Ossewabrandwag georganiseer is, het ons die finale stadium van die Ossewabrandwag as organisasie bereik, en die eindstadium van die Afrikanervolk se stryd teen die verdelende magte van die Britse Imperialisme.

Die Ossewabrandwag het nou ten volle ontplooi tot die omvattende volksbeweging van die Afrikanerdom. Hy is nou 'n eenheidsorganisasie in die volste sin van die woord. Daar sal nie meer provinsiale grense wees wat eenheid van optrede in die wiele ry en 'n ongesonde wedywering tussen volksgenote teweegbring nie. Alle lede van die beweging staan nou onder die leiding van een sentrale gesag, met die gevolg dat die vermoë en kragte van die beweging soveel sterker toegespits kan word op een doelpunt. Maar nie net in 'n geografiese sin is die Ossewabrandwag nou 'n eenheidsorganisasie nie, dog ook in nasionale sin. **By die Grootraad is nou ingeskakel die belangrikste vertakkinge van ons volkslewe.** Die Beleidstudie-afdeling onder leiding van prof. L. J. du Plessis skakel 'n geweldige breinkrag uit alle dele van ons volk by die beweging in — manne wat reeds groot bydrae tot ons volksontwikkeling gelewer het, en tans in staat is om deur middel van die Ossewabrandwag hul kragte reeds te wy aan die Republiek van Suid-Afrika. Dan is daar die voorligtingsafdeling, wat nie net die O.B. se propaganda-departement is nie, maar 'n veel wyer omvang het. Die betekenis van hierdie afdeling sal eers reg waardeer kan word wanneer ons land in die nabye toekoms sal moet oorskakel na 'n pers-, radio- en filmwese wat die Afrikaanse gees sal adem en in diens van die Afrikanerdom sal staan. By die Grootraad is verder ingesluit die jeug van ons volk, terwyl daar ook voorsiening gemaak is vir 'n afdeling vir volksorg, wat voorlopig meer spesifiek die sosiale strewe van die beweging sal beliggaam. Dan is daar ook nog die finansiële afdeling wie se aandag ook wyer toegespits sal wees as net die geldelike sake van die Ossewabrandwag as organisasie.

In kort, die Ossewabrandwag het nou die volledige volksbeweging van die Afrikanerdom geword waarbinne alle nasionale kragte saamgesnoer word in diens van volk en vaderland.

Dit beteken ook die begin van die einde van die Afrikanerdom se stryd teen die verdelende magte van die Empire. Deur die liberalisme en imperialisme is ons volkslewe nie net in tallose partye en groepies op politieke gebied versnipper nie, maar ons volk se innerlike krag is verdeel deur die skepping van kunsmatige terreine vir die politiek, die kultuur, die ekonomie en die godsdiens — terreine wat waterdig van mekaar geskei is sodat ons volk nooit al sy kragte in een sametrekking kon inspan nie. Aan hierdie kunsmatige verdeling het nou 'n einde gekom deurdat die Ossewabrandwag hierdie sogenaamde gebiede almal in homself saamgetrek het tot 'n eenheid.

Op geografiese gebied is ons land in die stryd teen Britse Imperialisme in verskillende staatjies verdeel. Maar reeds voor die begin van hierdie eeu was dit 'n Afrikanerideaal om 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag te hê. Dit was die ideaal van die Afrikanerbond voordat hy tot 'n politieke party verval het, en dit was ook die strewe van Paul Kruger. Vandag is hierdie ideaal in beginsel binne die Ossewabrandwag verwesenlik. Ons volk staan verenigd van die Kaap tot die Limpopo. Die stigting van die Unie in 1910 was nog onder vreemde vlag en op onafrikaanse grondslag en daarby innerlik verdeeld deur die provinsiale en die partypolitieke stelsel.

Tans is dit nog net die uitwendige mag van die Britse Empire wat staan tussen die eeu-oue ideaal van die Afrikanerdom en die verwesenliking daarvan. Die fondamente van die nuwe verenigde Suid-Afrika op nasionale en sosiale grondslag is deur die Ossewabrandwag gelê en die raamwerk van die Gesagstaat van môre is reeds beliggaam in ons Volksbeweging.

# Min of Meer Belangrik

### *Betaal nie vir Empire*

Ierland se begroting is verlede week by die Ierse parlement ingedien. Dit maak geen voorsiening vir hoër inkomstebelasting of gewone belasting nie. Die Ierse volk betaal nie vir die instandhouding van die Empire nie; hulle staan buite die oorlog.

* * *

### *Justisie Weer in Aksie*

In die afgelope weke het daar weer 'n vloed van inhegtenisnemings aan die Rand plaasgevind. Verskeie Afrikaners word aangehou op grond van allerhande aanklagte teen hulle, terwyl sommige geïnterneer is.

* * *

### *Kommunistiese Sluipmoord*

In Bulgarye is meer as duisend mense in hegtenis geneem ná die onlangse sluipmoorde op politieke persone. Onder hulle is 400 kommuniste. Radio Sofia het verklaar dat 'n bende buitelandse agente wat reeds etlike maande in die hoofstad opgetree en Bulgaarse beamptes doodgeskiet het, uitgeroei moet word.

* * *

### *Welvoeglikheid nog net 'n Museumstuk?*

Henry Irving Margolies in sy hoedanigheid as redakteur van ,,Blimey'' is verlede week in Bloemfontein onskuldig bevind op vier aanklagtes dat hy onwelvoeglike of onbetaamlike publikasies te koop aangebied, verkoop of in die openbaar vertoon het.

Die magistraat het o.a. verklaar dat die ,,peil en smaak van die moderne gedagte nie geoordeel moet word volgens dié wat in 1902 bestaan het toe die regulasies ingevolge waarvan Margolies aangekla word, saamgestel is nie''.

* * *

### *Oud-soldate Werkloos*

In 'n toespraak voor die Rotariërs in Johannesburg het mnr. H. Welsh, hoof - verdedigingskakelbeampte verlede week gesê dat soldate nie kragtens wet daarop aanspraak kan maak dat 'n betrekking vir hulle gevind moet word nie. Daar is 'n regulasie wat die soldaat se vorige werkgewer verplig om hom vir ses maande terug te neem, maar baie manne wat tans in die leër is, het geen betrekkings gehad nie, terwyl ander in diens is van firma's wat nou nie meer sake doen nie. **Sommige van die ontslaande manne loop vandag werkloos op straat rond. Ander het daarin geslaag om werk te kry, maar het weens liggaamlike onbekwaamheid dit weer verloor en is nou werkloos.**

* * *

### *Smuts Werk Saam met sy Grootste Teenstander*

In 'n hoofartikel wat handel oor die verkiesingsooreenkoms tussen die Verenigde Party en die twee minderheidspartye van die Arbeiders en Dominioniete verduidelik Die Suiderstem, Kaaplandse Sapblad, dat die ooreenkoms niks meer inhou as die gemeenskaplike voortsetting van die oorlog nie. ,,Dit alles beteken nie in enige opsig dat die Verenigde Party deur die ooreenkoms noodwendig die binne- en buitelandse partypolitiek van die Arbeiders- of die Dominion-party onderskryf nie. **Trouens, met sy kroonkoloniale uitkyk en temperament is die Dominion-party miskien die laaste party waarmee die Verenigde Party dit in die gewone politiek ooit sal eens word.''** Aldus die blad. Die doel is in die eerste plaas om die oorlog voort te sit en ,,tweedens om die gevaar uit te skakel dat deur 'n verdeling van hul stemme, hulle setels as 'n geskenk aanbied aan die anti-oorlogspartye wat daarop uit is om die oorlogspoging te saboteer.''

Die blad noem die Dominion-party die **laaste** party waarmee hulle in vredestyd sal saamwerk, maar terwille van die oorlog gee genl. Smuts hierdie party agt ou setels en een nuwe, met die gevolg dat die oorlogspartye verenigd staan.

Dr. Malan daarenteen **weier** 'n verkiesingsaanbod van republikeinse groepe waarin van hom verwag word om die Afrikanerparty sy **agt** setels te laat **behou** wat hy vandag verteenwoordig. **Kan dr. Malan sê dat die Afrikanerparty die laaste party is waarmee hy dit ooit sal eens word?** Hierdie party wil ten minste ook Suid-Afrika uit die oorlog hê, en dit is tog immers die strydvraag waaroor die verkiesing sal gaan.

* * *

### *Die Syfer 300,000*

In die afgelope week het veldm. Smuts in 'n radiopraatjie syfers verstrek in verband met die Unie se bydrae tot die oorlog. Uit ons dunne bevolking van 2,250,000 blankes is daar 300,000 in die weermag in allerlei hoedanigheid. In voltydse militêre diens alleen is daar 166,000 manne en vroue, waarby ook nog gevoeg kan word ongeveer 30,000 wat om allerlei redes soos b.v. mediese ongeskiktheid uit die leër ontslaan is. ,,Sommige'' van hierdie vrygesteldes loop vandag in die strate werkloos, na die Verdedigingsgskakeloffisier verlede week meegedeel het. **Hoe die land daar sal uitsien wanneer hierdie tienduisende ná die oorlog uit die leër ontslaan word, kan ons maar aan die sterkste verbeeldingskragte oorlaat.**

,,Ons kan die eise wat aan ons mannekrag en ons hulpbronne gestel word om die ontsaglike vermeerderde spoorwegverkeer te hanteer of om te voorsien in die behoefte van vermeerderde voedselprodukte, sowel vir ons eie magte as vir die groot konvooie wat ons hawens besoek, en ook in dié van die groot aantalle krygsgevangenes, vlugtelinge en ander, nie in syfers weergee nie,'' het genl. Smuts erken.

Elke huisvrou wat worstel teen 'n verhoogde lewenskoste en elke belastingbetaler kan hierdie syfer wel verstrek en sal dit vir tientalle jare na die oorlog ook nog kan verstrek wanneer 'n miljoene-skuldelas gedelg sal moet word.

Waar sou ons volk nie gestaan het nie as hierdie onberekenbare ,,eise'' aan die redding van die 300,000 armblankes in ons land bestee was in plaas van 300,000 gedwonge handlangers van die Empire? En hoeveel van hierdie nuwe 300,000 gaan ná die oorlog tot die getalle van die ou 300,000 bygevoeg word?

## 78-JARIGE SE GEESDRIF

Aan voorbeelde van geesdrif by die jeug vir die Ossewabrandwag se vryheidstryd ontbreek dit nie, maar ook die oues van dae se harte klop nog warm vir die toekoms wat verwerf moet word. So het 78-jarige Brandwag Philip Möller by geleentheid van Vryheidsdag op Wolseley twee myl teen die berg af geklim en die nag in die donker dit weer alleen bestyg omdat die pad te sleg is om in die donker met kar en donkies te ry. Dit is die tweede maal dat hy dit doen. Toe hom 'n lantern deur die offisier aangebied is vir sy terugreis, het hy dit van die hand gewys.

## NOORD-AFRIKA

Die veldtog in Noord-Afrika het sy einde bereik. Met die vernietiging van die Spil se strydmagte in Tunisië het die Amerikaans-Brits-Franse bondgenote in die huidige oorlog hulle grootste oorwinning op land behaal. Of die oorwinning in die arm en industrieel-onontwikkelde Afrika kan opweeg teen die verpletterende nederlae wat gedurende die huidige oorlog reeds in die kernland Europa en in die ryke Oos-Asië gely is, is 'n saak waaroor hier nie hoef uitgewei te word nie. Werklikheid is dat die Geallieerdes vandag baas is in Afrika, dat die Italiaanse koloniale ryk vernietig is, dat die gevaar vir Egipte — as 'n gevaar uit die woestynagtige Italiaanse koloniale ryk met al sy natuurlike nadele moontlik was — verwyder is, dat die Geallieerde skeepvaart deur die Middellandse See weer moontlik geword het en dat die Amerikane en Britte vandag in Noord-Afrika oor steunpunte beskik vanwaar aanvalle op Suid-Europa en veral op Italië gemaak kan word. Dit is almal werklikhede hierdie waarmee die oorlogvoerendes rekening moet hou.

### 'N NABETRAGTING

In die oorwinningsroes is daar altyd gevaar om die nugtere werklikheidsin kwyt te raak. Niemand minder as Herbert Morrison, Britse minister van binnelandse sake, het dit dan ook 'n paar dae gelede nodig geag om sy mense te waarsku teen ,,drome oor 'n vinnige en maklike oorwinning.'' Volgens Morrison is die veldtog in Noord-Afrika ,,slegs 'n voorspel tot ander en miskien omvattender optrede in Europa'' en hy meen dat dit ,,verstandig sal wees as ons ons hart en gees voorberei op ernstiger beproewings in sommige opsigte as wat ons nog verduur het en die vooruitsigte voor ons in die maande wat kom, sober en standvastig bestry''.

By die behandeling van die een of ander veldtog of aspek van die huidige reuse-worstelstryd is dit noodsaaklik dat **die oorlog as geheel nooit uit die oog verloor word nie.** Elke veldtog is 'n deeltjie, soms meer belangrik, soms minder belangrik, van een groot geheel. In verband met Noord-Afrika is dit goed om te onthou dat die Bolsjewistiese kommissaris vir buitelandse sake, Molotof, in Junie 1942 'n besoek aan Londen gebring het. By hierdie geleentheid is 'n Brits-Russiese verdrag gesluit waarin 'n ,,tweede front'' in Wes-Europa in 1942 aan Moskou beloof is. Die jaar het sy einde genader maar die ,,tweede front'' het nog altyd uitgebly. Toe eindelik in die eerste week van November 1942, opvallend gelyktydig met die Russiese offensief by Stalingrad en die Britse aanval in Egipte op Rommel, het die ,,verrassende'' Brits-Amerikaanse landing in Frans-Noord-Afrika plaasgevind. Die beloofde ,,tweede front'' in Wes-Europa het nou in Frans-Noord-Afrika opgeduik. Die besetting van sleutelstede in Tunisië binne enkele dae is in die vooruitsig gestel. Soos bekend het daar egter 'n vertraging ingetree omdat nie die Geallieerdes nie, maar die Spilmagte die belang-

(Vervolg op bls. 5)



# Wat Gebeur as die Wiel Draai

## Tronkbeamptes in Hul eie Selle Gewerp — Oostenrykse Voorbeeld

**'n Jaar gelede het die Kommandant-generaal verwys na die onmenslike behandeling wat Afrikaanse politieke gevangenes in die Suid-Afrikaanse tronke moet verduur. Hy het o.a. verklaar dat as die wiel draai, daar ondersoek ingestel sal word na die misbruik van mag in die tronke en teen diegene wat hul pligte te buite gegaan het, opgetree sal word. Verlede week het hy hierdie belofte in Pretoria herhaal.**

In hierdie verband is dit interessant om die toestand net voor en kort ná die aansluiting van Oostenryk by Duitsland te vergelyk met wat tans hier plaasvind en, volgens belofte van die K.G., nog sal plaasvind nadat die wiel gedraai het.

Die Britse joernalis G. Ward Price wat die omwenteling in Oostenryk persoonlik aanskou het, skryf so een en ander oor hierdie aspek in sy boek „Year of Reckoning". Hy skryf dat min mense in die buiteland besef het hoe swaar die hand van die Schuschnigg-bewind op die nasionaal-sosialiste gedruk het. Duisende manne is in gevangeskap gehou in toestande wat min verander het sedert die Middeleeue. In sommige selle is tien persone saamgeprop in 'n ruimte van tien by twaalf voet. Daar was selfs foltérselle waar gevangenes vasgemaak en geslaan is. „Geen genade is aan hierdie gevangenes betoon nie," aldus die skrywer. „Hulle is gedwing om saam met misdadigers van die laagste tipe in een sel te gaan. Jong meisies wat aangesluit het by die geheime Bond van Duitse Meisies is saam met straatvroue opgesluit, en seuns wat mekaar die Nazi-saluut gegee het is in die somber selle van die Rathaus-tronk vir vier en vyf maande opgesluit . . . In sommige gevalle is doelbewus op die gevangenes geskiet . . . Daar was 'n geval waar 'n 74-jarige moeder gevang is met die doel om haar seun tot skuldbekentenis te dwing. Sy is in die tronk oorlede en haar seun het selfmoord gepleeg."

Die man wat ná die omwenteling belas was met die taak om die land van anti-nazi-elemente te suiwer, was self in die tronk mishandel, en sy woorde aan die skrywer was: **„U sal besef dat ons streng sal optree teen diegene wat ons so kort gelede nog vervolg het."**

Die skrywer meld dat diegene van die Nasionaal-sosialiste wat geïnterneer was, na die omwenteling ruimskoots vergoed is vir die ongerief wat hulle te verduur gehad het.

**„Daar kon selde so 'n eienaardige tronkverlossing in die geskiedenis gewees het," vervolg hy. „Die magistrate, hoofkonstabels en ander wat Nazi's opgesluit het, is in hul plek in die selle gewerp. Die nuwe polisiehoof van Weenen, dr. Josef Fitzthum, het my na die twee vernaamste tronke geneem, die selle waarvan gevul was van amptenare van die vorige bewind. Hyself het 'n lang termyn in een van hulle gedien.**

**Dieselfde bewaarders wat 'n week gelede die seldeure agter hom toegesluit het, het hom nou kruiperig gesalueer, soms met merkbare ongemak, want dit was sy eerste besoek aan sy voormalige tronk. Hy het 'n paar beskuldig dat hulle hul mag misbruik het, en op 'n toon wat hulle laat verbleek het, gesê: „Ek sal ingaan daarop."** Een bewaarder het hy vriendelik op die skouer geslaan en uitgeroep: ‚Gawe kêrel hierdie! Op my verjaardag het hy om middernag na my gekom waar ek eensaam opgesluit was en my van lekkernye voorsien."

„Hy het die hoof van die tronk ontbied. **Selde het ek 'n uitdrukking van groter wanhoop op 'n man se gesig gelees as wat hy gehad het toe hy sy verskyning maak. Hy het klaarblyklik verwag om onmiddellik in een van sy eie selle gewerp te word. Sy hele liggaam het gebewe en die trane het in sy oë geskiet toe sy nuwe Nazi-hoof sy hand vat en vir hom sê: ‚Ek het jou laat kom om jou te bedank vir die eerbare en goeie manier waarop jy jou plig as tronkhoof gedoen het solank ek hier was.'**

„Die hoofkontrakteur vir die tronk was agter die tralies. Hy, soos meeste staatsleweransiers was 'n Jood, **en was beskuldig dat hy slegte vleis en boontjies sonder vet gelewer het."**


# VOLKSKAS

GEE: 3½% Rento op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingsertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA.

Die Volk se Bank.


### NOORD-AFRIKA

(Vervolg van bls. 4)

rikste plekke in Tunisië beset het. Eers vandag, na die Russiese offensief reeds lang tot stilstand gekom het, kan die Geallieerdes in Noord-Afrika aanspraak maak op 'n eindoorwinning.

Die veldtog in Noord-Afrika het aanleiding gegee tot heelwat spekulasie oor die Spil se taktiek. Volgens Britse skatting, om slegs een voorbeeld te noem, was daar in Noord-Afrika maar slegs van 150,000 tot 200,000 Spiltroepe. As hierdie skatting juis is dan was die Spil se strydmagte in Noord-Afrika opvallend klein, nie alleen vir die aanval nie maar selfs ook vir die verdediging. **Ses maande was tog lang genoeg vir die Spil om oor hulle kort verbindingslinies groot strydmagte in Noord-Afrika te konsentreer en om die Afrikaanse brughoof te hou soos hulle reeds dikwels in hierdie oorlog ander brughoofde gehou het.** Die een moontlikheid is dat die Spil nie oor genoeg troepe beskik nie, dat die Spilleërs in Rusland uit gebloei het, dat die besette lande en die lang Europese kuslyn te veel troepe eis. Indien dit die geval is, hoef die Geallieerdes hulle nie oor die toekoms van die oorlog in Europa te kwel nie en dan is Morrison se waarskuwing oorbodig.

Daar is egter nog 'n ander moontlikheid en dit is dat die Spil die inisiatief in eie hande wil hou en derhalwe self wil bepaal dat die „tweede front" nie in Afrika sal wees soos die Geallieerdes dit wil hê nie, maar aan die kuste van Europa waar die Spil en nie die Geallieerdes nie oor belangrike voordele beskik. Die Spil wil m.a.w. veg op terrein wat hy self kies en nie op Afrika waar die Geallieerdes vir hom 'n „tweede front" wil berei nie. Dit is dus moontlik dat die klein Spilstrydmag in Noord-Afrika alleen die doel nagestreef het om te verhinder dat Rommel afgesny word en om die Geallieerdes so duur moontlik aan mense en materiaal te laat betaal.

Die vraag wat vandag deur menigeen gestel word is: Wat gaan die Britte en Amerikane doen na Afrika? Kom die Italiaanse eilande om en in die straat van Sisilië aan die beurt? Dit is egter nie in Afrika of in die Middellandse See waar die beslissende slag vir Europa gelewer sal word nie maar aan die Russiese front.

# TREFFENDE HULDE AAN ONTSLAPE KAMERAAD

### BEGRAFNIS VAN HOOFKDT. H. D. VAN DYK

Treffend was die hulde van die Ossewabrandwag aan 'n ontslape kameraad, toe wyle hoofkomdt H. D. van Dyk, in lewe een van die eerste Ossewabrandwag-offisiere in Transvaal, op Sondag, 2 Mei, plegtig deur sy medeoffisiere en brandwagte na die graf gedra is.

Die plegtigheid is bygewoon deur die hoogste offisiere in die Ossewabrandwag. Teenwoordig was die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg; die Adjunk-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith; genl. J. D. Jerling, genl. Louis Bootha, genl. P. J. Meyer, genl. H. J. R. Anderson, genl. G. Puren (in wie se generaalskap wyle hoofkomdt. Van Dyk gedien het), genl. P. J. Botma, genl. W. H. Boshoff en talle ander offisiere.

Die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Melville, Johannesburg was te klein vir die groot skare wat 'n laaste eerbewys aan die ontslape kameraad en vriend bewys het.

Om die kis voor die kansel het 'n erewag van ses O.B.-vroue in wit drag gestaan en op die kis, wat in die O.B.-vlag gehul was, het die hoed en rangtekens van die oorledene gelê. Diep was die indruk op die aanwesiges toe genl. G. Puren, onder wie die oorledene gedien het, die kerk binne kom, geklee in die veldpak van die Ossewabrandwag, voor die kis op aandag kom en dit salueer.

Die diens is gelei deur ds. P. J. van Rensburg, van Melville en hy is by die graf bygestaan deur ds. M. Kruger, van Westdene. In die kerk het ook ds. H. A. Stander, van Turffontein, 'n paar woorde gesê oor die opgeruimde, opregte, besliste en pligsgetroue karaktertrekke van die oorledene. Die bekende Asaf-koor van wie wyle hoofkomdt. Van Dyk die voorsitter was, het met koorsange in die kerk opgetree.

'n Erewag van ongeveer 200 manne en vroue, die manne geklee in vaal broeke en wit hemde met swart dasse en die vroue in wit rokke, het onder bevel van komdt. Chris Lombard die lykstoet na die graf vergesel. Vooraan die erewag het die Kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, genl. H. J. R. Anderson en genl. P. J. Botma gestap. By die graf het 'n erewag van Jeugfront-seuns en -dogters plaasgeneem. Nadat die lykstoet by die graf aangekom het, is die ander erewagte ook in gelid om die graf opgestel.

Op die bevel: „Kamerade, in diens van Eenheid"! het die Ossewabrandwag-lede op saluut gekom, terwyl die stoflike oorskot van die ontslape kameraad in die graf neergelaat is.

By die graf het gebieds-hoofgeneraal Louis Bootha namens die Ossewabrandwag 'n paar woorde tot die aanwesiges gerig. Hy het veral hulde gebring aan die pligsgetrouheid en opgeruimdheid van die ontslape offisier. Hy het sy spore volgestaan. Die aand voor sy vertrek op die reis waarop hy noodlottig verongeluk het, het hy eers al sy werk afgehandel en sy laaste O.B.-verslag om middernag voltooi. Sy opvolger kan dus net oorneem waar hy opgehou het. So is dit elkeen van ons se plig om toe te sien dat ons opvolgers ons spore duidelik kan sien.

Die oorledene se sterwenswoorde was uit die Transvaalse Volkslied. „Dirk van Dyk het 'n Boer geleef en getrou 'n Boer gesterf", het genl. Bootha gesluit.

Die Kommandant-generaal, dr. Van Rensburg, het by die graf 'n paar woorde tot die aanwesiges gerig. Hy het veral gewag gemaak van die blywende indruk wat die glimlag en minsaamheid van die oorledene op hom gemaak het toe hy hom ontmoet het op die eerste Afrikanerfunksie wat hy destyds as Administrateur van die Vrystaat in Johannesburg bygewoon het. Dit was by geleentheid van 'n funksie van die Boere-Noodhulpfonds (tans die O.B.-Noodhulpfonds), wat in die Helpmekaarskool gehou is. Dr. Van Rensburg het gesê dat hy net twee persone onthou wat hy op hierdie funksie ontmoet het. Die een is die oorledene en die ander een is genl. Van der Westhuizen, tans in die interneringskamp op Koffiefontein.

"Aan die familielede ons respekvolle simpatie en aan die offisier en kameraad wat hier rus, ons liefde", het dr. Van Rensburg gesluit.

In die kerk het die volgende persone as draers namens die familie opgetree: mnre. A. J. van Dyk, P. H. van Dyk, A. P. Zeeman, P. A. Labuschagne, E. W. Baransky en P. R. Scheepers.

By die graf het die volgende offisiere as draers namens die Ossewabrandwag opgetree: Hoofkomdt. T. J. Roets, hoofkomdt. L. H. Mostert, komdt. P. C. de Bruyn, komdt. A. J. B. Vorster, komdt. M. J. P. Claasen en komdt. J. C. Marais.

Mev. Van Dyk, wat 'n kommandante in die Ossewabrandwag is, en haar twee kinders was onder die treurende familie.

Wyle hoofkomdt. Van Dyk het die lewe ingeskiet in 'n tragiese motorongeluk in die Vrystaat. Die pad was baie sleg van die reën en toe hy afgeklim het om te kyk waar hy moet ry, het die motor teen die skuinste omgeslaan en op hom geval. Vyf dae daarna is hy oorlede.

Sy laaste boodskap aan sy eggenote was: „Wees gerus, die Ossewabrandwag sal my begrawe. Mnr. Keet (van die Asaf-koor) weet wat hulle moet sing".

Kort voor sy dood het hy aan sy eggenote gesê: „Laat ons bid, ek is gereed om te gaan." Na die gebed het hy al sterwende die Transvaalse Volkslied aangehef en die woorde „. . . . dat vrye, vrye volk zijn wij" het op sy lippe gesterf.

Die Ossewabrandwag eer die nagedagtenis van 'n getroue vriend en kameraad.

# Joodse Gevaar deur 'n Jood Bevestig

Van Afrikaanse volkstandpunt lê die gevaar van die Jodedom in ons land nie soseer daarin dat hulle groot sukses het in handel en bedryf en daardeur Christene tot 'n mate uitdruk nie: dit is meer die beswaar van die kant van die Engelse Suid-Afrikaners.

Van ons standpunt is die gevaar van die Jodedom ook nie in die eerste plaas daarin geleë dat hulle 'n aparte geloof of ongeloof bely of 'n afsonderlike ras of rasvermenging verteenwoordig nie, hoewel dit al erger is, veral omdat hulle hulself afsluit teen die Christelike geloof en die Europese rasgroep waartoe ons as Afrikaners behoort, en dus onassimileerbaar is en bly en daarom geen gesonde bydrae kan lewer tot die volkstaat van die toekoms nie.

Die hoofgevaar van die Jodedom is vir ons daarin geleë dat hulle by uitstek 'n kosmopolitiese of internasionale nasie is wat elke vaderland waar hulle hul vestig, probeer denasionaliseer en by hulle eie karakters aan te pas: hulle is dus nie slegs onnasionaal en onnasionaliseerbaar nie, maar anti-nasionaal en denasionaliserend.

Dit word o.a. bevestig deur 'n Joodse skrywer in The Political Quarterly van Jan.—Maart 1943, soos volg: „Die kanse vir die Jodedom is geleë in hulle kosmopolitiese opvattinge. Die wêreld ontwikkel nou na 'n Westerse Gemenebes wat Europa en Noord-Amerika sal insluit, en waarin kosmopolities-gesinde mense nodig sal wees. So het die Jode 'n geslag gelede die Sosialisme deur die lande help versprei; die Sowjet-regering kon hulle goed gebruik en ook die Westerse Gemenebes van die toekoms sal kan steun op die Jode in Europa en Amerika teen die gevaar van verbrokkeling. Met die oog hierop is dit goed dat die Jode nog nie heeltemal geassimileer is nie: want nou kan hulle ten volle geassimileer raak in die toekomstige eenvormige mensesoort van die verwagte Westerse Gemenebes saam met die verskillende nasionaliteite waarmee hulle nou maar half geassimileer is. Die kosmopolitiese karakter van die Jode sal aan hulle hierin 'n voorsprong gee en hulle maak tot die mees toegewyde dienaars van daardie internasionale Gemenebes."

